JAKARANDA VOORTREKKERKAMP 2020

ONS GLO IN PERFEKTE VISIE

jakarandakamp@gmail.com
http://jakaranda.voortrekkers.org.za

Beste kampeerder en ouer 29 Januarie 2020

Kom kamp saam met die 36-ste Jakaranda Voortrekkerkamp op Die Voortrekkerplaas te Hartebeesfontein, sowat 50km noord van Pretoria. Hierdie brief bevat kampinligting.

KAMPDATUM EN TYD	Woensdagaand 25 Maart 2020 om 18:30 tot Sondagoggend 29 Maart 2020 om 11:30. Voorsien asseblief **eie aandete vir Woensdagaand.**
KAMPTERREIN	Voortrekkerplaas te Hartebeesfontein.
SLUITINGSDATUMS	Inskrywings sluit 4 Maart 2020. Laat inskrywingsfooi **R50**. Kampeerders betaal by kommando's in. Kommando's betaal oor teen 10 Maart 2020
HUISVESTING	Jeuglede in Graad 1 en 2 slaap by ouers/offisier. Jeuglede in Graad 3 tot 7 in eie tente in die tentedorp.
VERVOER	Kampeerders/Kommando's is verantwoordelik vir **eie** vervoer na en van die kamp.
JAKARANDAKAMP 2020 T-HEMDE EN PETTE	Kamp hemp is ingesluit by inskrywingsgeld. Groottes word gemeet deur 'n hempie op 'n plat oppervlak te laat lê en dan van onder die een mou na die ander mou te meet. Elke kampeerder sal 'n pet ontvang in kursusverband.

INSKRYWINGS

Slegs aanlyn inskrywings by www.jakarandakamp.co.za .

Ouers kan direk inskryf.

Indien probleme ondervind, kontak per epos, jakarandakamp@gmail.com met "Inskrywing Probleem" in die onderwerplyn.

SPESIALISASIES / AKTIWITEITE

Kampbriewe met kamp- en kursusbenodighede sal beskikbaar wees **nadat die inskrywings gesluit** het.

Voorskool *	Kapokkies	R410
Graad 1	Tuinier	R695
Graad 2	Veldkook	R695
Graad 3	Handwerk Plantwaarneming	R695
Graad 4	Noodhulp Vasbyt** Versamelkuns**	R695
Graad 5	Ekosorg Touwerk Weerkennis	R695
Graad 6	Beeldende kunste*** Redding*** Spoorsny Sterrekunde	R695
Graad 7	Erfgrond Medemens	R695
Verkenners	Eerste 5 inskrywings kamp gratis	R590
Volwassenes	Diensdoende	R590
	Kampspyseniering****	R780
	Kombuis	R300

* Nul tot twee jaar oud kamp gratis.
** Kinders wat vasbyt wil doen moet 1km ver kan hardloop. Hulle moet vooraf begin draf en oefen.
*** Getalle is beperk tot 30 jeuglede per kursus.
**** Spyseniering is **NIE** deel van die Kombuis nie. Die kursusganger word opgelei om as kampkok en Voortrekkerspyseniер op te tree. Minimum van 5 kursusgangers is nodig

Ouers dra asb. kennis van die vereistes van die spesialisasie waarvoor jou kind/ers inskryf.
Die kinders doen aktiwiteite wat wel konsentrasie verg, maak dus seker die nodige medikasie word saamgestuur.

GEEN krediet word na 4 Maart gegee nie – 'n plaasvervanger kan wel ingeskryf word.

Indien 'n kind laat kom of die kamp vroeg verlaat loop hy/sy 'n risiko om nie in aanmerking te kom vir die spesialisasie / kamperkenning nie.

Maak asseblief seker dat die naam en van korrek gespel is en dat die regte T-Hemp grootte bestel is.

VOLWASSENES

Alle volwassenes moet bereid wees om in enige van die afdelings op die kamp diens te doen, nie net saamloop met die kursusse nie, maar ook aktief help met aanbiedings, toepassing van dissipline, diensbeurte, ens. Dui asb jou eerste **5 keuses** aan by wyse van voorkeur. Let wel: Inskrywings wat **laat** ontvang word, word geplaas na gelang van behoefte by kursusse.

Vir **elke 8** Penkoppe/Drawwertjies wat kom kamp moet daar **een diensdoenende volwassene** saamkom wat vir die **volle duur** van die kamp op die kamp teenwoordig sal wees. Kampraadslede staan in diens van die kamp en kan nie gereken word as 'n kommando diensdoende volwassene nie.

Indien daar kinders met spesiale behoeftes en gestremdhede in die kommando is, moet die kind deur 'n volwasse persoon vergesel word. Dui dit duidelik op die inskrywingsvorm.

BESOEKERS

Ouers en ander belangstellendes word genooi om Woensdagaand saam op die kamp te kuier. Bring jul eie piekniekmandjie. Tydens die besoek is die besoeker onder die bevel van die kampleier. Alle besoekers moet die terrein teen 21:30 verlaat. Die hekke sluit 21:45.

KAMPDISSIPLINE

Ingevolge die grondwet en reglemente van Die Voortrekkers is die kampleier verantwoordelik vir hantering van dissipline. GEEN persoon mag die kampterrein betree of verlaat sonder sy toestemming nie. Indien 'n inskrywing aanvaar word, onderwerp die persoon hom aan die kampleier se gesag.

POPI wet

Daar word deurgaans op die kamp foto's en video's geneem van kampaktiwiteite. Geen name van kampeerders word met die foto's gekoppel nie. Hierdie foto's en video's word weer vir bemarking gebruik. Indien 'n jeuglid nie op 'n foto mag verskyn nie, moet dit so aangeteken word op die inskrywingsvorm.

NAVRAE

Navrae kan tot die kampleier en die kampsekretaresse gerig word by jakarandakamp@gmail.com .

Kampleier:	Jan-Albert de Kock	071 380 9757
Kampsekretaresse:	Annemaré de Kock	083 554 2181
Kamp adjudant:	Liesl Krause	082 786 7485

Ons vertrou dat ons op julle kan staatmaak om van hierdie kamp 'n sukses te maak.
Jakaranda Voortrekkerkamp groete,

JAN-ALBERT DE KOCK
Kampleier

ANNEMARÉ DE KOCK
Kampsekretaresse